

**Tshwane, 10 November 2023**

## **GESAMENTLIKE BETROKKENHEID OM DIE KRIPTOBATE- RAPPORTERINGSRAAMWERK TE IMPLEMENTEER**

**Gesamentlike verklaring deur: Armenië, Australië, Oostenryk, Barbados, België, Belize, Brasilië, Bulgarye, Kanada, Chili, Kroasië, Siprus, Tsjeggiese Republiek, Denemarke, Estland, Finland, Frankryk, Duitsland, Griekeland, Hongarye, Ysland, Ierland, Italië, Japan, Korea, Liechtenstein, Litaue, Luxemburg, Malta, Meksiko, Nederland, Noorweë, Portugal, Roemenië, Singapoer, Slowakye, Slovenië, Suid-Afrika, Spanje, Swede, Switserland, die Verenigde Koninkryk, en die Verenigde State van Amerika; die kroonafhanklikhede Guernsey, Jersey, en die eiland Man; en die Verenigde Koninkryk se oorsese gebiede van die Kaaimanseilande en Gibraltar.**

"Om by te hou met die spoedige ontwikkeling en groei van die kriptobatemark en om te verseker dat onlangse winste in wêreldwye belastingdeursigtigheid nie geleidelik erodeer nie, verwelkom ons die nuwe internasionale standaard oor outomatiese uitruil van inligting tussen belastingowerhede wat deur die OESO se kriptobate-rapporteringsraamwerk (CARF) ontwikkel is. Die wydstrekkende, konsekwente en betydse implementering van die CARF sal ons vermoë verder verbeter om belastingnakoming te verseker en belastingontduiking, wat openbare inkomste verminder en die las verhoog van diegene wat hulle belasting betaal, vas te vat.

As regsgebiede wat gasheer speel vir aktiewe kriptomarkte, beplan ons dus om jeens die transponering van die CARF in plaasklike wette te werk en uitruilooreenkomste betyds te aktiveer vir uitruiling teen 2027, onderhewig aan nasionale wetgewende prosedures, soos van toepassing. Om konsekwentheid en 'n soomlose implementering vir beide besighede en regerings te verseker, sal dié van ons wat ondertekenende regsgebiede aan die algemene verslagdoeningstandaard (CRS) is, ook, soos vroeër vanjaar deur die OESO ooreengekom, wysigings tot hierdie standaard implementeer, in lyn met die bogenoemde tydlyn en onderhewig aan nasionale wetgewende prosedures, soos van toepassing.

Ons nooi ander regsgebiede om by ons aan te sluit met die vooruitsig om die wêreldstelsel van outomatiese uitruiling van inligting te versterk, wat geen wegkruipplekke vir belastingontduiking laat nie."

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).